

Gasvryheids- bediening

Kom drink gerus
koffie/tee
na die erediens
in Kosmos
in die kerkzaal.
Met dank aan
Elisma Lotz
en span.

BORG van die maand

Crystal
Graphics
Hannetjie
Ferreira

083 742 3478

crystalgraphics
printcrystal@gmail.com
083 742 3478

Gebedsonderwerpe

- Bid vir Willem en al die personeel vir energie en geesdrif vir die nuwe kwartaal. Bid ook vir ons gemeente, dat ons hulle heelhartig sal ondersteun.
- Die skole wat heropen – bid vir skoolhoofde vir wysheid om hulle skole effektief te bestuur tot voordeel van die personeel en leerders.
- Almal in ons gemeente wat weens siekte en ouderdom ondersteuning nodig het. Bid ook vir elke familielid en versorger wat betrokke is. Bid vir geduld, empatie en fisiese krag.

Epos: hannetjiegiericke@gmail.com

JULIE se deurkollekties

05 Jul: Gemeentebediening – R1 175
12 Jul: Projekte 2026 – R1 150
19 Jul: Bybelmedia – R1 315
26 Jul: Sinode: Gemeentebediening

Bybelstudie Stormhaven

Don, 13 Aug
om 10:00.

DANKOFFER BETALINGS:

1. Elektronies/internet bankdienste:

Rek naam: NGK Somerset Wes
Bank: ABSA
Tipe rek: Tjekrekening
Rek nr.: 2900 590 132
Takkode: 632 005
Verwysing: Dankoffer/Kollekte


2. Snapscan:



3. Kontantbetalings & koevertes:

Kontantbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofferkoevertes kan ook
in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeggemaak.

4. **Debietordervorms:** Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787 / ngsomerset@mweb.co.za.



DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES

Sedert 1819

26 Julie 2026

Lofdiens 09:30

Hartlik welkom. Die derde kwartaal van die jaar het aangebreek, en ek bid jou die seën van die Here toe. Mag hierdie kwartaal vir jou 'n tyd wees waarin jy opnuut God se teenwoordigheid en leiding beleef. Vir die eredienste gedurende hierdie kwartaal gaan ons saam reis onder die oorhoofse tema: **Ek het 'n storie om te vertel.**

Vanoggend begin ons met die tema: ... **en God is nog besig om my storie te skryf.** Ons skriflesing is Johannes 9:1–38. My gebed vir hierdie reeks is dat ons sal ontdek dat God steeds besig is om aan ons stories te skryf. Deur die verhale van gewone mense in die Bybel gaan ons sien hoe God mense ontmoet, hulle geloof laat groei en van hulle lewens getuïenisse van Jesus maak. En dalk ontdek ons deur hierdie reis dat God vandag nog dieselfde met elkeen van ons doen.

Stroming

Die skakel sal ongeveer 'n halfuur voor die aanvang van die diens beskikbaar wees op die gemeente se webtuiste by <https://ngkerksomersetwes.co.za/>

Die alternatief is om na Youtube te gaan en in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes" te tik.

Bybelstudie Woensdae

Oggende: 2-weekliks

05/08: 10:00 in Patmos

Aande: weekliks

29/07: 18:00 in Patmos

Gebedsgroep Woensdae

29 Julie om 09:00 in die
konferensiekamer.

Voorbidding

- ✚ **Hester de Klerk**, knie-
vervanging 21/7.
- ✚ **Linda Styger**, prosedure
23/7.
- ✚ **Francine v Zyl**,
behandeling.
- ✚ **Corrie Swanepoel**, sterk
tuis aan na
hospitalisasie.
- ✚ **Cobus Rheeder**, herstel
tuis na hospitalisasie.
- ✚ **Lientjie Smit**, herstel na
rugoperasie.
- ✚ **Marcel Malan**,
ondersteunende
versorging,
Bridgewater.
- ✚ **Willie vd Merwe**,
ondersteunende
versorging.
- ✚ **Dawie Rossouw**,
behandeling.
- ✚ **Jeanette Snyman**,
behandeling.
- ✚ **Obie van Niekerk**,
behandeling.
- ✚ **Chelly vd Merwe**,
broos.
- ✚ **Freek Kriel**, broos.
- ✚ **Muggie Rossouw**,
broos.
- ✚ **Kobus Grobbelaar**,
broos.

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!



6 SOORTE SOP | VERSKEIDENHEID BRODE | POEDINGS TE KUS EN TE KEUR

Datum: | Vrydag, 31 Julie 2026

Tyd: | 18:00, Kerksaal

Koste: | Volwassenes – R100 per persoon
Laerskoolkinders – R70 per persoon
Voorskoolse kinders – Gratis

Bring asb. eie drinkgoed en glase

BESPREEK VOOR OF OP
DINSDAG 28 JULIE 2026 OM 14:00

Liesle:
021 852 1787
083 272 1745



BETALING MET BESPREKING:
Kontant / Kredietkaart / EFT / Snapscan
Verwysing: Sop + jou naam



GEEN BETALING BY DEUR NIE.

L.W.: Dit is baie belangrik om nie net 'n inbetaling te maak nie.
Jy moet eers **bespreek** (gee asb. die aantal volwassenes, laerskool en voorskoolse kindergetalle met bespreking deur) en betaal dan.

*L.W.: Die tyd op die kalender is aangedui as **19:00**, maar daar is besluit om die tyd te vervroeg na **18:00**. Daar word slegs voorsiening gemaak vir **120** persone. Bespreek en betaal vroegtydig om teleurstelling te voorkom.*

Kategese: 26 Julie 2026

Junior Kategese: Voorskool - Graad 6

Voorskool: Tydens die erediens in die ou moederskamer in die kerk.

Groei-goggas: Wat is die Bybel?

*"My B-Y-B-E-L, het my van God vertel, ek kan dit glo,
want die Woord sê so, my B-Y-B-E-L".*



Ons leer die kleuters van die Bybel. Al kan hulle nog nie lees nie kan hulle luister wat daar staan as pappa of mamma vir hulle uit die Bybel lees. Die kleuters versier dan elkeen hulle eie B-Y-B-E-L liedjie.

Ps 119:105: *"U Woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad"*

Kategeet: Rona van Zyl (082 339 1362)

Graad 1-6: Tydens die erediens in die kerksaal.

My blink ID: Lawwe IDEes in my kop

Telefoontjie is die speletjie wat 'n groepie kinders in 'n kring sit en speel. Die eerste kind fluister saggies 'n lawwe sinnetjie vir die tweede persoon. Dié kind moet dan die boodskap oordra na die volgende en so al om in die kring totdat die laaste kind die lawwe sinnetjie hardop moet sê. Groot is de konsternasie as dit glad nie meer klink soos die oorspronklike lawwe sinnetjie nie.

Sondag praat ons oor **lawwe IDEes** wat die wêreld oor ons het en wat dan soos telefoontjie oor en oor in ons koppe gespeel word, totdat ons glad nie meer dieselfde betekenis oor onself het, soos hoe God oor ons dink nie.

Sefanja 3:17 *"Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou."*

Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)



Senior kategese: Graad 7 - 12

Die senior katkisanter kom elke Sondag na die erediens in die **konferensiekamer**, in die kerksaal byeen, behalwe skoolvakansies en langnaweke – sien kerkkalender in dié verband.

Kategeet: Gideon Muller (083 236 9869)

Kategeet: Ds Willem Sauer (071 674 1675)

* BASAAR *

Die **BASAAR** vind vanjaar plaas op

Saterdag, 5 September

en ons wil graag vra vir:

- 1) **Boeke**, sodat ons ons voorraad kan begin opbou. Dit kan asb. by die kerkkantoor afgelewer word.
- 2) **Goeie, skoon, bruikbare items** vir ons “**Allerlei**” tafel, wat ook asb. by die kerkkantoor afgegee kan word.

Basaarvergadering, Dinsdag 28 Julie 2026 om 18:15 in Patmos. Almal hartlik welkom. Ons sal veral verlede jaar se sameroepers se teenwoordigheid hoog op prys stel. Bring asb. jou idees en voorstelle en help ons om die basaar ‘n lekker kuier en koop geleentheid te maak.

Kennis geskied hiermee dat die Bestuursgroep vergaderings wat op die kerkkalender geskeduleer is vir Maandae, verskuif na Dinsdae. Die volgende **Bestuursgroepvergadering** vind dus op **Dinsdag, 28 Julie om 16:00** in die konferensiekamer plaas.

Manne Reisgesprek Vrydagoggende
Volgende geleentheid: 31 Julie 2026

in die konferensiekamer

* Koffie 05:15 * Gesprek 05:30 *

Ons het heelwat **wol** ontvang, te danke aan Lynette Jacobs se Helderberg Hospitaalprojek en Sonnette van Wyk se Seniorsorg projek. Die behoefte is dat daar **komberse**, ongeveer **1.6 x 1.2 m** gebrei word, wat vir volwassenes, maar ook vir kinders gebruik kan word en wanneer dit dubbeld gevou word, as kniekomers vir senior burgers dien. As jy lus het en kans sien om ‘n kombers te brei, is jy welkom om wol by die kerkkantoor te kom afhaal. Ons ontvang egter steeds musse, truie, serpe en bedsokkies. Die behoefte bly groot vir warm winter breiwerk. Baie dankie aan al die flukse, vlytige breiers! Julle maak werklik ‘n verskil in iemand se lewe.



Die kerkraad het goedkeuring verleen dat ons vir Eendekuil gemeente ondersteun. Hierdie ondersteuning sal die vorm van **vleisbestellings** aanneem. Barthlo van Laguna Slaghuis verteenwoordig NGK Eendekuil gemeente en daar is soos volg ooreengekom:

Gaan so te werk: Voltooi die bestelvorm en stuur dit direk per epos na: orders@lagunaslaghuis.co.za. Die slaghuis stuur dan vir jou 'n faktuur met Laguna Slaghuis se bankbesonderhede vir betaling (Laguna Slaghuis doen die finale oorbetalings na NGK Eendekuil). Die slaghuis werk met gewig (kg) en sal so na as moontlik aan die gewig (kg) wat bestel is lewer, en sodoende die finale totale bedrag betaalbaar op die faktuur aandui.

L.W.: Pryse op die pryslys is per kg gelys en sluit BTW in.

Sperdatum vir bestellings: 3 September 2026.

Vir enige navrae, kontak Elana by 063 635 8992.

Aflewering van bestellings: Saterdag, 5 September 2026 op die kerkterrein.




SINCE 2016

Prices are subject to change

PRICE / KG

- Beef mince 500g R 110
- Beef mince 1kg R 110
- Boerewors 500g R 120
- Ouma's Boerewors R 115
- Kaaswors 500g R 120
- Lam Heel verpak R 145
- Lam Half verpak R 145
- Beef droewors 500g R 160
- Beef biltong 500g R 175
- Beef Sirloin steak R 190
- Beef Rump steak R 185
- Beef T-bone R 199
- Pork loin chops R 105
- Pork Rashers spiced R 130
- Lamb offal-full set R 130
- Lamb skilpadjies minced R 130

PRICE / UNIT

- Curry lamb pie 120g R 46
- Lamb pie 120g R 46
- Pepper steak pie 120g R 40
- Chicken pie 120g R 40
- Bobotie pie 120g R 35

ALL PRICES INCLUDE VAT



LAGUNA SLAGHUIS		Naam:	
BESTELVORM		Kontaknr:	
DESCRIPTION	PRICE	QTY	
	R/KG INCL.	/KG	
Beef mince 500g	R 110.00		
Beef mince 1kg	R 110.00		
Boerewors 500g	R 120.00		
Ouma's Boerewors 500g	R 115.00		
Kaaswors 500g	R 120.00		
Lam Heel verpak	R 145.00		
Lam Half verpak	R 145.00		
Beef droewors 500g	R 160.00		
Beef biltong 500g	R 175.00		
Beef Sirloin steak	R 190.00		
Beef Rump steak	R 185.00		
Beef T-bone	R 199.00		
Pork loin chops	R 105.00		
Pork Rashers spiced	R 130.00		
Lamb offal-full set	R 130.00		
Lamb skilpadjies minced	R 130.00		
DESCRIPTION	PRICE	QTY	
	R/UNIT INCL.	/UNIT	
Curry lamb pie 120g	R 46.00		
Lamb pie 120g	R 46.00		
Pepper steak pie 120g	R 40.00		
Chicken pie 120g	R 40.00		
Bobotie pie 120g	R 35.00		
Stuur voltooide bestelvorm na: orders@lagunaslaghuis.co.za Vir navrae, kontak: Elana 063 635 8992 Sperdatum vir bestellings: 3 September 2026			

JY WORD HARTLIK UITGENOOI!

Algemene Jaarvergadering

Ons deel die Here se reis met Helderberg Uitreik se Gemeentes en gemeenskappe die afgelope finansiële jaar.

27 Julie 2026

19:00

Helderberg Gemeente
Firmountweg 82, Somerset-Wes

Helderberg Uitreik is 'n vennootskap tussen Helderberg Gemeente en Omgeegemeente Somerset-Wes



PBO nr: 930005259
NPO nr: 032-078
VAT nr: 467025252

021 851 5582

uitreik@nghelder.co.za

Firmountweg 82,
Somerset-Wes

Almal welkom

Enigeen is welkom om by te woon. Slegs stemgeregtigdes sal kan stem.

Sop en brood

Kom geniet heerlike sop en brood vanaf 18:30 by die Tent.

Bespreek jou plek

Bespreek by Melanie Smit teen 23 Julie 2026: uitreik@nghelder.co.za

Die RSVP datum was 23 Julie, maar Melanie het laat weet dat belangstellendes wat die vergadering wil bywoon, haar nog kan kontak.

Melanie skryf:

“Wanneer ek die woord “vergadering” hoor, dan dink ek al klaar verskonings in my kop uit hoekom ek nie daar kan of hoef te wees nie. Helderberg Uitreik se Algemene Jaarvergadering is ‘n vergadering verpak in ‘n wonderlike getuienisgeleentheid waar ons God se storie met Helderberg Gemeente en Omgeegemeente deur Helderberg Uitreik met mekaar deel. Kom kuier saam en wees deel van hierdie deel van God se storie met ons”.

Melanie Smit
uitreik@nghelder.co.za

BERG-EN-SEEKLUB VIR SENIORS

kom op **Donderdag 6 Augustus 2026**

om **09:50** by die

NG Omgeegemeente in Andries Pretoriusstraat
in Somerset-Wes bymekaar.

Ds Willem Sauer sal ‘n boodskap lewer
en die Sangroep **Lyra** sal daarna optree.
Kom geniet gerus ‘n lekker koppie tee of koffie,
verversings en goeie geselskap vanaf 09:15.

Almal welkom.

Bywoningsgelde vir lede: R20/besoekers: R30

Naas du Preez (082 804 1729)

E-pos: ndupreez022@telkomsa.net



Helderberg Seniorklub

Alle afgetredenes baie welkom

**Spreek: Andreas Groenewald kom
gesels oor “Voëls”**

Navrae: Apolonia Maritz by 021 853 7560 of 082 507 7091

Dinsdag 4 Augustus by Helderberg Gemeente,
Firmountweg 82, Somerset-Wes
09:00 - Tee en verversings en
09:30 - Samesang en program
Lede: R10.00 en besoekers: R20.00